• ROL VAN ‚MNR. X' EN JACOBSEN

Laaste ure van Timol beskryf

DIE laaste oomblikke voor Ahmed Timol by 'n venster op die tiende verdieping van John Vorsterplein, die polisiehoofkwartier in Johannesburg, uitgespring het, is gister in die landdroshof beskryf.

Kapt. J. H. Gloy van die Veiligheidspolisie het getuig dat die aangehoudene gespring het kort nadat hy verneem het dat ene Jacobsen (die man wat onlangs onskuldig bevind is in die terrorismeverhoor in Johannesburg) aangekeer is.

'n Mnr. X, wie se naam nie in die hof genoem kan word nie, het die kantoor binnegekom waar kapt. Gloy en 'n ander polisieman met die ondervraging besig was. Dit was om tien voor drie die middag. Mnr. X het gesê: „Ons weet van Jacobsen en waar hy is."

Kamer leeg

„Timol het vir my en kapt. Van Niekerk staan aangekyk en ek kon sien dat hy geskok was. Timol het sy kop laat sak.

„Ek het na mnr. X gegaan. Ons is na die negende verdieping. Kapt. Van Niekerk was ook by. Toe ons op die negende verdieping in die gang loop, het sers. Joubert aangehardloop gekom en gesê: ‚Timol het gespring'.

„Toe ek weer bo kom, was die kamer leeg en het ek iemand onder langs die gebou sien lê."

By 'n later geleentheid het sers. Rodriques aan kapt. Gloy gesê dat hy en Timol alleen in die vertrek bly sit het nadat die twee veiligheidsmanne uit is. Timol het gesê dat hy na die toilet wou gaan en altwee het opgestaan en na die deur beweeg. „Timol het omgespring, na die venster gestorm, dit oopgepluk en uitgespring."

Geweier

Adv. Maisels het gesê dat die drie name Quentin, Henry en Martin wat in Timol se verklaring voorgekom het, vir die ondervraers baie belangrik is. Hy wou weet hoe lank Timol oor dié mense ondervra is en waarom kapt. Gloy van hulle in sy verslag melding gemaak het.

Kapt. Gloy: „Net voordat die oorledene selfmoord gepleeg het, was dit die laaste onderwerp wat in sy teenwoordigheid bespreek is."

Kapt. Gloy het getuig dat hy en kapt. Van Niekerk van Pretoria by drie geleenthede vir Timol ondervra het.

Op vrae van adv. I. A. Maisels, wat die Timol-gesin verteenwoordig, het kapt. Gloy getuig dat ofskoon Timol behulpsaam was, daar tog baie dinge is wat hy geweier het om aan die polisie te sê.

Volgens kapt. Van Niekerk het Timol nooit gekla dat hy moeg was nie.

Geskok

„Hy het 'n paar versoeke gerig waaraan ons voldoen het bv. om te gaan tande borsel of te gaan was."

Die middag van sy dood het hy nog 'n koppie koffie saam met sy ondervragers geniet.

Kapt. Van Niekerk het oor mnr. „X" se binnekoms getuig dat hy en kapt. Gloy die middag van Timol se dood besig was om hom te ondervra. Mnr. „X" het by die deur ingekom en gesê hy weet wie Quentin, Martin en Henri is.

„Net nadat hy dit gesê het, het ek vir 'n oomblik na Timol gekyk. Hy was klaarblyklik geskok. Sy oë was effens groter, hy het 'n trek op sy gesig gekry en vinnig na my en kapt. Gloy gekyk. Sonder om 'n woord te sê het hy sy kop laat sak. Sy reaksie was so opvallend dat mens dit moes raaksien."

Kapt. Van Niekerk het ontken dat dit 'n set was om mnr. „X" op 'n gegewe oomblik die kantoor te laat binnekom om dié nuus te vertel. Mnr. „X" het opdrag gehad om vas te stel wie die Quentin, Martin en Henri, die name wat op dokumente voorgekom het, was.

Mnr. P. A. J. Kotzé, assistent-senior aanklaer van Johannesburg, bygestaan deur mnr. A. Beukes, tree namens die Staat op. Adv. S. A. Cilliers (in opdrag van die Prokureur-generaal van Transvaal) verteenwoordig die Polisie. Adv. I. A. Maisels, bygestaan deur adv. G. Bizos (in opdrag van Cashalia en Loonat) verteenwoordig die Timol-gesin.